UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## DOROTHEA VAN ZYL
## US Woordfees se Grande Dame

Nuwe strukture vir leer en onderrig

Wat sê navorsing oor US se LLL-huise?

Spreading hope across the world

Laat klop só jou geldsake

JAAR 22#3 APRIL 2014 YEAR 22#3 APRIL 2014
US Personeelblad SU Staff Magazine

contents inhoud

My Kampus: Martie van der Linde onthaal ....... 3
Mylpaal in gemengde onderrig en leer ....... 4
Spies- en Aucamp-katalogi bekendgestel ....... 5
Eregraad vir prof Russel Botman ....... 6
Independent ethics line established ....... 7
'n Nuwe struktuur vir die toekoms ....... 8
Wat sê navorsing oor die LLL-program? ....... 10
Two HOPE networks launched ....... 11
Scholarships for composition students ....... 12
Kampuslewe: Eet, kuier en luister ....... 13
Knyp toe daardie beursie ....... 14
In gesprek met prof Dorothea van Zyl ....... 15
Brokkies in Beeld ....... 16










*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Change is the only constant thing in the world, they say. In our age we are so aware of how quickly things change – from the size of our cell phones to fashion trends.

At Stellenbosch University, change is also constant and we have done a lot to facilitate change in our modern world while being sustainable.

This month, you can read about some changes at the University and also how SU tries to change for a better future.

Einde verlede jaar is die afdelings wat onder prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor (Leer en Onderrig), ressorteer, herstruktureer sodat die verantwoordelikheidsentrum in lyn is met die US se nuwe institusionele voorneme en strategie.

Die vyf afdelings sien nou anders daarna uit, en op bladsy 8 vertel ons jou hoe hierdie nuwe struktuur die US se werksaamhede meer vaartbelyn maak.

Leer ook sommer die nuwe senior direkteure ken.

Oor die afgelope vyf jaar het die US se Luister-, Leef- en Leerprogram (LLL) die konsep van verblyf en studie op kampus aansienlik verander. Maar hoe suksesvol is hierdie program en die veranderinge werklik?

Dr Munita Dunn van die Sentrum vir Studentestrukture en -gemeenskappe het 'n MPhil-graad aangepak om juis die antwoord op dié vraag te kry. Lees op bladsy 10 wat haar bevindinge was.

At the end of March, SU launched two related international networks, Hope@Africa and Hope International. On page 11 we tell you how these initiatives will aim to bring about change on the continent.

Die US Woordfees betree ook 'n nuwe era: Ná 15 jaar tree prof Dorothea van Zyl af as feesdirekteur en sal eersdaags die leisels aan haar opvolger oorgee. Op bladsy 15 vertel sy van die beste oomblikke van dié kunstefees en wat vir haar in die toekoms voorlê.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*, en laat hoor van jou.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Welgedaan Lynne en Marina! (Sien bl. 5.) Afgesien van die enorme taak wat julle suksesvol uitgevoer het, glo ek dat dit vir julle albei 'n wonderlike reis deur hierdie twee kosbare skrywers van Afrikaans se lewens was. – *Nicky*

Wow! Just by reading the article (on the first recipient of the Mandy Rossouw Scholarship, S'thembile Cele; visit www.sun.ac.za), I'm already motivated. I have so much respect for people who love and embrace different cultures. Congratulations S'thembile on receiving this scholarship. – *Khomotso*

Baie geluk aan Prof Russel Botman met sy eredoktorsgraad (sien bl. 6). Hy is 'n ware leier in alle aspekte in sy hoedanigheid as rektor van ons universiteit. – *Henry*

Die US Woordfees was uit die boonste rakke! Geluk julle! Sien uit na volgende jaar se Woordfees. Kan ons nou al kaartjies koop? – *Cathleen Haak*

Uitstekende Varsity Cup. Ek is so bly om te sien die jonges geniet hul gate uit. Waar's ons dae? – *Gezine Steyn*

Today, after reading the applications for First Year Speaker, I am convinced that first-years @matiesstudents are thought-leaders! Our future is safe. – *JD Blackenberg*

Congratulates to @HenkelStiftung for the launch of a R12-million Pan-African grant @StellenboschUni for 25 #AfricanPhDs . – *German Embassy*

@RusselBotman by #praatsaam verwys na Stellenbosch Universiteit se aandeel aan @WDC2014 waar goeie ontwerp die verskil maak. – *Jolanda Morkel*

*Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons opTwitter (@StellenboschUni).*





# Martie kén van onthaal

*Sy is bekend as die US se partytjiekoningin. Maar die werk van die elegante en dinamiese Martie van der Linde, Hoof: Funksies en Skakeling, wat sedert 1999 allerlei byeenkomste beplan en sorg dat dit werklikheid word, behels veel meer as om bloot gasvrou by partytjies te wees. Deur STEPHANIE NIEUWOUDT*

**Met my werk moet ek sorg ...** dat die beeld van die US ten alle tye voorop gestel word. Die verwagtinge is dat elke geleentheid 'n wow!-element moet bevat. Met hul vertrek moet gaste 'n warm gevoel oor die US met hulle saamneem. Elke geleentheid moet getuig van elegansie – maar dit is belangrik dat dit 'n onderbeklemtoonde soort elegansie moet wees. Daarvoor moet elke ding haarfyn beplan word: gaste moet op 'n bepaalde tyd in die lokaal inbeweeg, hulle moet op die regte tyd hul plekke aan tafel inneem, en die kunstenaars moet betyds optree.





**Ek werk gewoonlik met 17 kontrolelyste ...** insluitend lyste vir die gaste, spyseniers, blommeverskaffers en kunstenaars. Soms werk ek gelyktydig aan tot agt groot geleenthede – van hulle word maande vooruit beplan. Dit help dat ek in my kop prentjies kan sien van presies hoe gebeure moet verloop en hoe die lokaal waar die geleentheid plaasvind, uiteindelik sal lyk. Dit is belangrik om op hoogte te bly van die jongste neigings wat kos, blommerangskikkings en dekor betref sodat elke onthaal vars en nuut is.

**Tydens 'n geleentheid is ek deurentyd op my voete ...** en ek is heeltyd bewus van wat aangaan. Wanneer daar 'n krisis is – soos wanneer iemand dalk siek word – moet daar dadelik opgetree word. Ek kommunikeer ook met die kelners om te verseker disse word betyds bedien. Nadat die gaste weg is, bly ek agter en sien toe dat die lokaal opgeruim word.

**Humor is een van die belangrikste eienskappe ...** wat vir die werk nodig is. Jy moet selfs onder stresvolle omstandighede jou humorsin behou. Daarby moet jy op jou voete kan dink en goed georganiseerd en kreatief wees. Ek hou van mense en ek hou daarvan om skeppend te beplan.

**Afhangend van die geleentheid ...** is ek voorts verantwoordelik daarvoor om te sorg dat die polisie, hospitale en verkeersowerhede ingelig word. Wanneer presidente, ministers of ander belangrike gaste by die Universiteit besoek aflê, lig ek ander gaste oor die protokol rondom die besoekers in. Daar is byvoorbeeld streng protokol oor wie waar in verhouding met die belangrike gaste moet sit: wie sit langs wie, en wie sit oorkant wie. Ek het verskeie protokolkursusse in Pretoria bygewoon en as amptelike protokolraadgewer van die US bied ek ook vir universiteitspersoneel kursusse aan.



**Daar is baie geleenthede wat my sal bybly ...** maar die Diversiteitsweek wat ons in 2013 aangebied het, was gewis een van die hoogtepunte. Daar was soveel energie en skeppende insette van die span wat dit beplan het. Dit was 'n suksesvolle geleentheid wat studente nader aan mekaar gebring het. My werk is uitdagend en stresvol, maar daar is altyd 'n "feel good"-faktor. Dit maak my hart warm om op Twitter positiewe reaksies te lees en om e-pos te ontvang van mense wat dankie sê.

*Foto's: STEFAN ELS, MARTIN VILJOEN en ADRIAN BAILLIE-STEWART*

# Mylpaal in gemengde onderrig en leer

Vanjaar is 'n nuwe era ingelui vir nagraadse studies by die Skool vir Publieke Leierskap (SPL) toe alle nuwe honneursstudente in Openbare en Ontwikkelingsbestuur tydens hul eerste kontaksessie by die Bellville Park-kampus skootrekenaars ontvang het.

Boonop is baie van die handboeke vervang met Vitalsource, 'n e-boekplatform met 'n wye verskeidenheid toepassings wat leer ondersteun. Studente is ook vir voorafbetaalde databondels geregistreer.

"Voeg daarby die nuwe SUNLearn-platform, en studente is slaggereed vir die akademiese jaar met verskeie hulpmiddels wat hulle in staat stel om op die plek waar hulle is te studeer," sê prof Johan Burger, Direkteur van die SPL.

Die SPL se honneursprogram in Openbare en Ontwikkelingsbestuur maak reeds vanaf 2001 van gemengde onderrigtegnologie gebruik. 'n Intensiewe twee weke lange kontaksessie word gekombineer met interaktiewe telematiese lesings wat dwarsdeur die jaar aangebied word, terwyl daar ook uitvoerig gebruik gemaak word van die US se e-leerplatforms.


Kontaksessies word by beide die Bellville Park-kampus en in Pretoria aangebied.

Aangesien die program hoofsaaklik gemik is op middelvlak openbare bestuurders van regoor Suid-Afrika en sy buurstate, help die skedulering en onderrigmetodes om die program toeganklik te maak. Tans registreer sowat 140 nuwe studente per jaar.

Die volgehoue harde werk sedert die middel van 2013 deur 'n span bestaande uit Telematiese Dienste, Inligtingstegnologie, Narga, Bellville Park IKT en die SPL het daarvoor gesorg dat dit die eerste program is wat e-leer 'n stap verder neem.

"Dit was nogal 'n uitdaging om alles gereed te kry vir die amptelike aanvang van die program, eers in Bellville en nou in Pretoria," vertel Burger. "Om alles te kroon het ons honneursregistrasies reeds die 200-merk oortref. Dis die grootste groep ooit!"

# SU researcher's innovative plan to electrify Africa rewarded



James van der Walt. Photo: WWF-SA / DERYCK VAN STEENDEREN

Electricity woes in rural areas could soon be a thing of the past if a former SU Masters student's award-winning innovative solar power solution takes off.

James van der Walt completed his Masters degree in Mechanical Engineering at SU's Renewable and Sustainable Energy Studies (CRSES) in 2013. His research topic was micro-utilities (small community owned electricity selling businesses) and how to make them sustainable.

The output of his thesis project was the SolarTurtle, one of three innovations chosen as a winner in WWF-SA's South African Climate Solver Awards recently. These awards were established to support small businesses that are developing and commercialising innovations that reduce carbon emissions and boost energy access around the world.

The SolarTurtle functions as a solar energy distribution point or mobile power station. Packaged in a shipping container, the container unfolds during the day to charge numerous battery packs via solar power. These battery packs can be taken to where they are needed.

According to Van der Walt the SolarTurtle is being developed by Ugesi Gold, an SU spin-off company. "The plan is to have the first SolarTurtle out this year. The site we're thinking of is for a rural community close to Cofimvaba in the Eastern Cape. There is a school serving 400 students and there are about 500 households around the school, all without power.

"Our goal is to at least give all the learners access to basic electricity. They must have lights to study by and charge their phones," he says.

# 'App' hervorm rekordhouding van pasiënte



*Dr Robin Dyers*

Dr Robin Dyers, 'n kliniese assistent in Publiekegesondheid by die US, was die koördineerder van 'n multi-dissiplinêre span wat 'n sagtewareprogram, die Elektroniese Kontinuïteit van Sorgrekords (eCCR), ontwerp het.

Die nuwe program is ontwerp om rompslomp te voorkom en pasiënt-rekordhouding te vergemaklik, en het die kategorie vir "Collaboratively Reimagining Healthcare" by die Inclusive Healthcare Innovation Summit gewen. Dis 'n inisiatief van die Bertha-sentrum vir Sosiale Innovasie by die Universiteit van Kaapstad se Nagraadse Bestuurskool.

Die eCCR is ontwikkel deur die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en is 'n baanbreker, verbruikersvriendelike sagteware-program wat voorsiening maak vir 'n abstrak van 'n pasiënt se verblyf in 'n hospitaal, en gee 'n beskrywing van hoe 'n pasiënt die gewensde gesondheidsuitkoms sal bereik.

"Die eCCR voeg nie net waarde toe vir pasiënte deur hul kanse te verbeter om die gewensde gesondheidsuitkoms te bereik nie, maar dra ook by tot die kritiese ondersteuningsdienste binne die Departement van Gesondheid. Dit verskaf inligting wat die allokasie van hulpbronne vergemaklik sonder om meer verantwoordelikheid op gesondheidspersoneel te plaas," sê Dyers, wat ook deel is van die Eenheid vir Gesondheidsimpakwaardasie by die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid.

Die eCCR word tans by die Groote Schuur-hospitaal getoets en voorlopige resultate lyk belowend.



# Spies- en Aucamp-katalogi bekendgestel

Twee literêre reuse en kampvegters vir Afrikaans se katalogi is op 5 Maart amptelik deur die JS Gericke Biblioteek se Dokumentesentrum aan hulle oorhandig.

Proff Lina Spies en wyle Hennie Aucamp, albei oud-Maties en ouddosente by die US, se werk is nou vir die nageslag bewaar.

Aucamp, een van Suid-Afrika se gewildste skrywers van poësie, kortverhale en kabarette, is op 20 Maart in Kaapstad in die ouderdom van 80 oorlede. Hy was dosent in die Fakulteit Opvoedkunde.

Spies is een van Stellenbosch en ook Suid-Afrika se voorste digters en akademici.

Lynne Fourie en Marina Brink is die manuskripvakkundiges wat die katalogi saamgestel het.

Dit is heel gepas dat die twee skrywers hul katalogus op dieselfde dag ontvang het, aangesien hulle jare lank gekorrespondeer het en van hierdie briewe ook in die versameling opgeneem is. Byna 200 briewe is tussen hulle gewissel.

Spies se versameling bestaan uit manuskripte van haar digbundels met verskillende variante van gedigte. Daar is ook plakboeke, aantekening- en notaboeke uit haar skool- en universiteitsdae, knipsels, navorsings- en agtergrondmateriaal, personalia en foto's. Die korrespondensie is omvattend en sluit in briefwisseling met Suid-Afrikaanse vriende en kennisse, sowel as Nederlandse en Vlaamse vriende.

"Die briefwisseling met haar ouers tydens haar verblyf in Nederland lees soos 'n dagboek en dit is betekenisvol dat ek die korrespondensie rondom die vertaling van die Anne Frank-dagboek ook in dié katalogus kon insluit," het Fourie gesê.



*Lynne Fourie, Ellen Tise, prof Lina Spies, prof Hennie Aucamp en Marina Brink. Foto: PIA NÄNNY*

Aucamp se eerste kindergediggies het reeds op 12-jarige ouderdom in *Die Jongspan* verskyn, terwyl sy eerste kortverhale kort daarna gereeld in *Naweek*, *Die Huisgenoot* en *Die Huisvrou* verskyn het. Hy is ook van 15-jarige ouderdom af 'n ywerige dagboekskrywer.

Ellen Tise, Direkteur: Biblioteek- en Inligtingdiens, het gesê die Dokumentesentrum bewaar nie net dokumente nie, maar maak dit ook beskikbaar vir navorsing.

# USB-ED again top executive education provider

USB Executive Development (USB-ED), the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School (USB), was again awarded the PMR.africa Diamond Arrow Award in a national survey of academic institutions offering executive education in South Africa.

The award was handed over to USB-ED at a ceremony in Johannesburg on 3 March.

USB-ED's mean score in the survey for the reward increased from last year's 8,24 to 8,35 out of a possible 10 points. This was again the highest in the annual national survey of academic institutions offering executive education, as judged by participants of executive development programmes. The survey was conducted from October to December 2013.



*Heilet Bertrand and Hennie Oosthuizen from USB-ED with the Diamond Arrow award received on 3 March in Johannesburg.*

Respondents rated executive education providers across a range of 11 attributes, which included, among others, application of knowledge in the workplace, cost, development of the individual, reputation, leadership skills/abilities, relevance of course, and strategic and tactical benefits for a company.

Frik Landman, CEO of USB-ED, commented: "Our vision for Africa and our role in it keeps us motivated and constantly reaching higher. The PMR award is therefore a further affirmation and motivates us to continue on our journey."

# R32-million project on natural resource governance

Stellenbosch University will be one of four partners in a project funded by the Norwegian Agency for Development Cooperation (Norad) with the aim of addressing some of the important issues regarding large protected areas and buffer zones in southern Africa.

One of these issues is that they are locked in a vicious cycle of rural poverty and environmental degradation. Weak knowledge about the practicalities of, among others, micro-governance, devolution and economic policy, and a major shortage of professionals with economic, governance and stakeholder skills are central to these challenges.

A R32-million project funded by Norad under the new Norwegian Programme for Capacity Development in Higher Education and Research for Development (NORHED) has now provided an opportunity for research and capacity building in this arena.

Students will receive training through the TsamaHub, which focuses on training for sustainable solutions to Africa's problems.

# US-rektor ontvang eregraad van Hope College

Prof Russel Botman, US-rektor, is in Maart met 'n eregraad van Hope College in Michigan in die VSA vereer.

Botman het die graad Doktor in die Lettere ontvang vir sy leierskapsrol in hoëronderwys en in die gereformeerde kerk om 'n meer gelyke samelewing vir alle Suid-Afrikaners te bevorder.

"Russel Botman word internasionaal geëer as 'n leier in hoëronderwys, die gereformeerde kerk en in die Suid-Afrikaanse samelewing," het die Hope College se President, John C. Knapp, gesê.

"Hy was instrumenteel in die daarstel van 'n vreedsame einde aan apartheid in Suid-Afrika en het sedertdien een van Afrika se toonaangewende universiteite gemobiliseer om verskeie van die probleme wat sy land en streek in die gesig staar, die hoof te bied."

By die geleentheid, wat deel was van die kollege se "Presidential Colloquium"-lesingreeks, het Botman die hooftoespraak gelewer met die tema "Mandela's Children: Shaping a University."

In sy toespraak het Botman gekyk na maniere hoe die US daartoe gewerk het om 'n meer inklusiewe institusionele kultuur te skep.



*Prof Russel Botman ontvang sy eredoktorsgraad van die Hope College in Amerika.*

Oor "Mandela se kinders" – dié generasie wat gebore is sedert Suid-Afrika se oorgang van apartheid na demokrasie – het Botman gesê hulle is die eerste ontvangers van 'n droom wat werklikheid geword het. Die droom van 'n inklusiewe, nie-rassige land wat aan almal behoort wat daarin woon – swart en wit.

"Ons uitdaging is om te probeer vasstel hoe om hulle die spasie te bied waarin hulle in 'agente van verandering' kan ontwikkel. Dit is belangrik om hulle te leer ken en te verstaan hoe hulle dink," het Botman gesê.

"Dit is ons plig om al ons studente toe te rus om te floreer in die diverse konteks van ons land en kontinent."

Botman het bygevoeg dat die bevordering van diversiteit 'n hoeksteen is van die US se nuwe Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018 wat in 2013 goedgekeur is, en het in sy toespraak verwys na die US se eerste Diversiteitsweek wat in Oktober verlede jaar gevier is.

# SU now has 14 A-rated researchers



*Prof Wentzel van Huyssteen*

Prof Wentzel van Huyssteen, extraordinary professor at the Faculty of Theology, recently became SU's latest A-rated researcher after he obtained his A-rating during the previous round of National Research Foundation (NRF) rating applications. Prof Cornie van der Merwe from the Faculty of Law obtained an A-rating again with his re-evaluation.

SU now has 14 A-rated researchers – three in the Subcommittee A environment (Human and Social Sciences), nine in the Subcommittee B environment (Science, Engineering and AgriSciences) and two in the Subcommitee C environment (Medicine and Health Sciences).

"SU still has the second highest number of rated researchers in the country," said Maryke Hunter-Hüsselmann, Manager: Research Information and Strategy at the Division of Research Development.

"With the latest results, we currently have 347 rated researchers. This is a 10% growth from 2013 to 2014.

The NRF rating system is a benchmarking system by which individuals that exemplify the highest standards of research, and those demonstrating strong potential, are identified by an extensive network of South African and international peer reviewers. Ratings are based on the quality and impact of recent research outputs (over an eight-year period).

# Paediatric surgeon receives prestigious award



*Prof Sam Moore*

Prof Sam Moore, head of the Division of Paediatric Surgery in the Faculty of Medicine and Health Sciences, was awarded the prestigious Denis Browne Gold Medal for 2014 by the British Association of Paediatric Surgeons. The medal is awarded for "an outstanding contribution to paediatric surgery," wrote Rick Turner, President of the British Association of Paediatric Surgeons, in a congratulatory letter to Moore.

"This is a real feather in the cap for the Department of Surgical Sciences and the Division of Paediatric Surgery, as well as the Faculty in terms of international recognition," said Moore.

In the 61 years of the association's history, Moore is only the third South African to be awarded this medal. The two previous awardees were Profs Jannie Louw and Alastair Millar.

The proposal and support for his nomination came from David Drake and Ed Kiely from Great Ormond Street in London "which in itself is a great honour".

The medal will be awarded at a special ceremony at the British Association of Paediatric Surgeons annual congress, which will be held in Edinburgh, Scotland in July.



# FMHS selected as an International Collaborating Centre

The Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) was selected as an International Collaborating Centre (BICC) for the Best Evidence Medical Education (BEME) Collaboration.

The application was led by the Centres for Evidence Based Healthcare (CEBHC) and Health Professions Education (CHPE).

"The CHPE and the CEBHC have extensive experience in both the generation of evidence as well as promoting the use of best evidence in medical education and health care. Considering the growth in the number of systematic reviews, we are looking forward to take stock of findings from existing systematic reviews and to use this to inform both the conduct of new systematic reviews as well as the evidence base to inform medical education strategies," said Prof Taryn Young, Director of the CEBHC.

Prof Ben van Heerden, Director of the CHPE said: "Ideally the practice of any discipline should be based on solid evidence. This also applies to the field of health professions education. The CHPE is very active in a range of research activities aimed at providing evidence for the faculty's teaching and learning innovations, including the implementation of the Rural Clinical School. We, therefore, welcome the opportunity to become involved in the evaluation of evidence in our discipline on a global scale."

BEME is an international group of individuals, universities and professional organisations committed to the development of evidence-informed education in the health professions through: the dissemination of information which allows teachers and stakeholders in the health professions to make decisions on the basis of the best evidence available; the production of systematic reviews which present the best available evidence and meet the needs of the user; and the creation of a culture of best evidence education.

The FMHS is one of only thirteen institutions internationally to be invited to join this select group.

# Independent ethics line established at SU

A new toll-free number has been established where any unethical practices at Stellenbosch University can be reported.

The ethics line is operated by the University's internal and forensic auditors, Deloitte.

"SU places a high premium on good governance and financial management. In this regard, staff and students play a very important role – especially with regard to reporting incidents, conduct and trends that are not in line with the values of good corporate and financial management," says Prof Russel Botman, SU Rector.

The University's ethics line is independent and anyone can report any form of unethical practice.

Deloitte serves as an independent conduit and the University cannot, for example, demand that the identity of callers be revealed.

There are several channels that can be used to report incidents: A toll-free phone number on **0800 204 549**; a toll-free fax number on **0800 00 77 88**; the email address **sun@ethics-line.com**; or the postal address: **Deloitte Tip-offs Anonymous, KZN 138, Umhlanga Rocks, 4320**.

Reports can also be made online at **www.tip-offs.com**.




# Woordfees groei daadwerklik

*Die US Woordfees 2014, wat van 6 tot 16 Maart gehou is, het alle vorige rekords oortref en die fees het sy reputasie gehandhaaf as die enigste Afrikaanse kunstefees wat daadwerklik groei. Vier dae voor die fees begin het, het die kaartjie-verkope reeds die 2013-verkope verbygesteek: 21,4% meer kaartjies is verkoop, met 'n styging van 35,6% in randwaarde. Die bywoningsyfers kan nog nie finaal bereken word nie, maar oortref die vorige syfer van 102 000 feesbesoeke. Op die foto is Hannah Borthwick en De Klerk Oelofse in die produksie* Waterpas. *Lees op bladsy 15 'n onderhoud met die uittredende direkteur van die fees, prof Dorothea van Zyl.*

Foto: JACQUES ENSINK



# ’n Nuwe struktuur vir die toekoms

*Onlangs is prof Arnold Schoonwinkel se portefeulje van Leer en Onderrig herstruktureer om die verantwoordelikheidsentrum in lyn te bring met die US se Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018. PIA NÄNNY het gaan uitvind hoe dié nuwe struktuur daaruit sien.*

Die Universiteit Stellenbosch se nuwe Institusionele Voorneme en Strategie vir 2013-2018 het die herontwerp van sleutelprosesse en strukture teweeggebring. Deel hiervan was die nuut-dink oor en herstrukturering van die verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig.

Volgens prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor: Leer en Onderrig, is die kompetisie groot om die regte studente te werf, daarna om aan dié wat hier is die besmoontlike leefomgewing te gee waarbinne hulle kan ontwikkel, effektiewe institusionele navorsings-, beplannings- en administratiewe stelsels te vestig, en laastens ’n verrykende leeromgewing daar te stel.

Saam met die US se institusionele strategie om toekomsgerig, innoverend en inklusief te wees, is die geleentheid terselfdertyd benut om die organisasiestruktuur te herposisioneer.

“As ons werklik anders wil wees, moet ons anders na onsself kyk,” sê Schoonwinkel. Dit beteken nie die strukture wat altyd in plek was, word van die tafel gevee nie, maar eerder dat daar nuut gedink word oor hoe die verantwoordelikheidsentrum saamgestel is en funksioneer om sy doelwitte te bereik.

“Die nuwe struktuur met sy personeel is nou uit die wegspringblokke en werk al goed saam om die US se leer- en onderrigdoelwitte te bereik,” voeg hy by.



’n Opvoedkundige tolk praat oor ’n mikrofoon terwyl studente deur oorfone na die getolkde lesing luister. Tolking is een van die innovasies rakende nuwe metodes van leer en onderrig.
Foto: JUSTIN ALBERTS

## Struktuur

Die volgende afdelings en sentra is in die Verantwoordelikheidsentrum saamgevoeg en word elk deur ’n senior direkteur gelei.

Die **Afdeling Studentesake** onder leiding van dr Ludolph Botha lewer geïntegreerde dienste en ondersteuning aan die ingeskrewe studentekorps, tot en met finale graduering. Dié afdeling bestaan uit die volgende ondersteunende sentra: Studente-strukture en -gemeenskappe (Pieter Kloppers), Studentevoorligting en -ontwikkeling (prof Charl Cilliers), en Mentor- Tutor en Leierskapontwikkeling (dr Gillian Arendse).

Die **Afdeling Voornemende Studente** onder leiding van Christelle Feyt verskaf ’n geïntegreerde diens aan voornemende studente tot en met eerste registrasie. Dié afdeling bestaan uit die volgende ondersteunende sentra: Studentewerwing (Leon van den Heever); Beurse en Lenings (Arrie Hanekom); Loopbaanadvies, toelating en koshuisplasing (dr Celeste Nel) en Kontak- en Kliëntediensentrum (Darryn Havenga). Van hierdie onderafdelings, soos beurse en lenings, toelating en koshuisplasing, bied uiteraard ook dienste aan ingeskrewe studente. Die Kontak- en Kliëntedienssentrum verskaf ook inligting aan die breër publiek.

Die **Afdeling Akademiese Administrasie** onder leiding van die registrateur, Johann Aspeling, is verantwoordelik vir bepaalde statutêre registrateursfunksies en verskaf sentrale akademiese administratiewe funksies vir studente en fakulteite. Die afdeling bestaan uit die volgende ondersteunende sentra: Institusionele registrateursfunksies (Lazelle Bonthuys), Studente-administrasie – Stellenboschkampus (Neels Fourie), Studente-administrasie – Tygerbergkampus (dr Ronel Retief), en Studente-administrasie – Bellville Park-kampus (Pierre Rossouw).



Prof Arnold Schoonwinkel
Foto: WERNER ROUX


Die **Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning** is tot 30 Mei onder leiding van prof Jan Botha en voorsien toepaslike institusionele inligting en doen navorsing, in die besonder ten opsigte van studente-bestuursinligtingstelsels. Die afdeling fasiliteer ook akademiese beplanning en gehalteversekering aan US. Dié afdeling bestaan uit die volgende ondersteunende sentra: Institusionele Navorsing (dr Wilhelm Uys), Akademiese beplanning en gehalteversekering (André Muller), Studente-inligtingstelsels (Jan du Toit), en Institusionele inligting (Neil Grobbelaar).

Die **Afdeling Leer- en Onderrigverryking** onder leiding van dr Antoinette van der Merwe lewer dienste aan die universiteit, personeel en studente om leer- en onderrigontwikkeling, taalvaardigheids- en meertaligheidsontwikkeling en die benutting van inligting- en kommunikasietegnolgie (IKT) in leer en onderrig te bevorder.

Hierdie afdeling bestaan uit die volgende ondersteunende sentra: Sentrum vir Onderrig en Leer (dr Cecilia Jacobs), Taalsentrum (prof Leon de Stadler) en Sentrum vir Leërtegnologieë (dr JP Bosman).



*Met die herstrukturering het die hooffunksies van die verskillende afdelings effens verander om dit meer vaartbelynd te maak. Só lyk die nuwe struktuur.*




### Afdeling Studentesake – Dr Ludolph Botha



- Eenstopdiens aan huidige ingeskrewe studente.
- Skakeling met studenteregering- en -leierskapstrukture, universiteitsinwoningstrukture en fakulteitstrukture om studente te help met die integrasie van hul hoofkurrikulêre en ko-kurrikulêre aktiwiteite en belewenisse.
- Gefokus op aanvullende en ondersteunende inisiatiewe met betrekking tot die akademiese en psigososiale welsyn en ontwikkeling van die studente.
- Koördinering van portuurgroep-ondersteuning en leierskapsontwikkeling.

### Afdeling Voornemende Studente – Christelle Feyt



- Funksioneer as ’n eenstopdiens aan voornemende studente.
- Werf ’n uitnemende en diverse studentekorps vir die US deur die voorsiening van inligting en advies oor studieloopbane, die verskaffing van aantreklike studiefinansiering en studente-inwoning.
- Studentewerwing – van eerste kontak met student tot registrasie, insluitend studieprogramadvies, toelating, koshuisplasing (indien verlang) en bystand om finansiële ondersteuning te verkry.
- Die US se Kontak- en Kliëntediensentrum, verantwoordelik vir die verskaffing van inligting aan studente en die breë publiek, ressorteer ook binne hierdie afdeling.
- Noue samewerking met fakulteite om inskrywingsteikens te haal, in die besonder BSI-inskrywings (bruin, swart en Indiër).

### Afdeling Akademiese Administrasie – Johann Aspeling



- Hierdie afdeling onder leiding van die registrateur is die institusionele kurator vir die US se statutêre bestuursliggame.
- Administreerder van kursusse en amptelike studierekords van studente.
- Skakel tussen fakulteit (akademiese)-strukture en sentrale administratiewe akademiese ondersteuningstrukture.
- Die registrateur is verantwoordelik om vaartbelynde, noukeurige prosesse te vestig vir die akademiese administrasie van studente en die optimale benutting van roostertydsgleuwe en akademiese lokale.

### Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning – Prof Jan Botha (tot 30 Mei)



- Ordening van institusionele inligting.
- Analise en toeganklike verskaffing van institusionele bestuursinligting vir interne bestuursgebruik en vir eksterne rapportering.
- Institusionele navorsing vir doeleindes van bestuursbesluitneming.
- Bestuur die akademiese programbeplannings- en gehalteversekeringsprosesse op institusionele vlak.
- Bestuur die institusionele studente-inligtingstelsel.
- Is saam met ander afdelings verantwoordelik om innoverende akademiese programme te help ontwikkel wat dit moontlik sal maak vir studentegroepe (byvoorbeeld werkende mense) wat andersins nie die geleentheid sou hê nie, om aan die US te kan studeer.

### Afdeling Leer- en Onderrigverryking – Dr Antoinette van der Merwe



- Verryk die leer- en onderrigervaring vir sowel studente as akademici.
- Ontwikkel en vestig innoverende aanbiedingswyses (soos vermengde leer).
- Gee ondersteuning aan en werk in vennootskap met fakulteite om beste leer- en onderrigpraktyke aan US te ontwikkel en te vestig.
- Ondersteunende rol ter bevordering van meertaligheid en aanwending van IKT deur akademici en studente (vir tradisionele residensiële studente, asook nuwe geleenthede vir nie-residensiële studente van die Universiteit).

# Luister, leef en leer

*Die US se Luister-, Leef- en Leerprogram (LLL) is al vyf jaar aan die gang, maar dr Munita Dunn van die Sentrum vir Studentestrukture en Gemeenskappe wou uitvind hoe suksesvol dit is – toe pak sy 'n MPhil-graad aan om navorsing hieroor te doen. ALEC BASSON het met haar gesels oor haar werk en hierdie studie.*

Die Universiteit Stellenbosch se Luister-, Leef- en Leerprogram (LLL-program), wat in 2008 as die eerste van sy soort in Suid-Afrika begin is, slaag daarin om studente as agente van verandering in die samelewing voor te berei.

Só het dr Munita Dunn, Adjunk-Direkteur van die US se Sentrum vir Studentestrukture en Gemeenskappe, in 'n onlangse studie oor stereotipes en vooroordele onder studente in LLL-huise bevind. Sy het haar MPhil-graad in Hoëronderwys *cum laude* by die US se Desember 2013-gradeplegtighede ontvang.

Dunn wou vasstel of die hoër vlakke van interaksie tussen 'n diverse groep senior studente, wat in 2013 in LLL-huise gewoon en saam aan verskeie aktiwiteite deelgeneem het, kon help om stereotipes af te breek en vooroordele uit die weg te ruim. Sy het elektroniese vraelyste gebruik om studente se wedersydse verdraagsaamheid in terme van geslag, ras, taal, sosio-ekonomiese status en nasionaliteit te meet.

Oor die rede vir haar studie, sê Dunn: "Die US se posisie in die vinnig veranderende konteks van hoëronderwys noodsaak transformasie, die bevordering van diversiteit en sosiale integrasie van alle studente. Daarom is dit belangrik om te bepaal of die LLL-program wel help om die US meer divers te maak, stereotipes af te breek en diskriminerende gedrag te verander."

Haar navorsing het getoon dat nouer interaksie tussen LLL-studente nie oornag stereotipering en vooroordele rondom geslag, taal, ras, sosio-ekonomiese status en nasionaliteit verminder nie.

Dunn meen dit kan veral toegeskryf word aan studente se eie ontwikkeling, veral gedurende die sogenaamde krisisfase wat deel vorm van die aanpassingsproses. Sy sê dié krisisfase volg gewoonlik op die wittebrood-fase waartydens die diversiteit en andersheid van die LLL-omgewing as eufories en opwindend beskou word.

"In die krisisfase van aanpassing word studente met die realiteit van diversiteit en die uitdaging om hierby aan te pas gekonfronteer. Hulle beleef frustrasie, teleurstelling, ongeduld en spanning, en probeer om hulself binne 'n diverse konteks te verstaan.

"My studie het egter gewys dat waar studente aanvanklik as individue gefunksioneer het, het hulle later meer op samewerking, die bereiking van gemeenskaplike doelwitte en kritiese dialoog gefokus."

Die studente is dus in 'n proses waar hulle ontwikkel as agente van verandering, voeg Dunn by.

Sy meen die bydrae van LLL-huise, as leergemeenskappe, tot studente se binne- en buiteklasontwikkeling mag nie geringgeskat word nie.

Hoewel haar navorsing sekere leemtes van die LLL-program uitgewys het, kon sy waardevolle inligting insamel oor studente se interpersoonlike en intrapersoonlike ontwikkeling, asook oor die program se inhoud en uitkomste.

Sy noem dat die leemtes reeds aangespreek is in die opleidingsprogram wat LLL-studente gedurende 2014 ontvang.

Volgens Dunn verdien die konsep van LLL-huise meer aandag in hoëronderwys omdat dit "studente voorberei vir die werklikheid en diversiteit van die samelewing, en deel vorm van 'n ander tipe behuising op kampus wat fokus op die ontwikkeling van senior studente en vaardighede wat hiermee geassosieer word."

Met haar studie wil Dunn help om 'n gesprek te begin oor die belangrikheid van leergemeenskappe as deel van die ko-kurrikulêre opset in hoëronderwys in Suid-Afrika.



*Dr Munita Dunn voor een van die LLL-huise, Waldenhuis by Victoriastraat 53.*
Foto: STEFAN ELS



# Spreading hope

*Stellenbosch University has partnered with international universities to launch two new initiatives to bring about change in Africa and the rest of the world. By MARTIN VILJOEN*




*SU Rector Prof Russel Botman shakes hands with Prof Marita Hilliges, Vice-Chancellor of Dalarna University in Sweden, and Prof Thabo Fako, Vice-Chancellor of the University of Botswana.* Photo: HENNIE RUDMAN

Hope@Africa and Hope International are two related international networks set on jointly promoting human development and tackling major societal challenges in Africa and in the rest of the world. Through the efforts of Hope@Africa, a collaboration between seven leading African universities, and Hope International, a collaboration between SU and four Swedish universities, the lives of potentially millions can be improved.

On 20 March, these initiatives were launched in Stellenbosch. At the event Prof Russel Botman, SU Rector, said that if there was ever an argument against the notion of "the university as ivory tower" this is it. "The partners in these two networks share a strong conviction that universities should work together to change the world."

He added that Africa has seen good economic growth of late, but this must be translated into broad-based human development. "Teachers are key in this process. According to UNESCO, Africa needs 2 million new teachers by 2015. There is an urgent need to provide training for millions of current teachers who are either under or unqualified. Clearly universities should play a key role in improving the training and on-going professional development of teachers. But conventional brick-and-mortar approaches are not good enough anymore. We need to use technology to extend the reach and richness of learning and teaching beyond the physical classroom. This is exactly the kind of challenge that Hope@Africa will be tackling."

Hope@Africa springs from a high-level summit held in Stellenbosch in October last year to discuss increasing collaboration between higher-education partners on the continent.

This culminated in a Letter of Intent signed by the University of Botswana, the University of Dar es Salaam (Tanzania), Makerere University (Uganda), the University of Nairobi (Kenya), the University of Namibia, and SU. The University of Malawi is also part of the initiative.

Also speaking at the event, Prof Thabo Fako, Vice-Chancellor of the University of Botswana, said: "We believe we can make a difference in our own lives and in the lives of others. We believe we can make an impact in our immediate communities."

He added that telematic platforms can be used to extend the "reach and richness of all we know. We have skills, we have competencies, we have talents, we have professions – this we can use in the community for its benefit".

Collaborating via a network model, as opposed to a hub-and-spokes model, the Hope@Africa partners intend using 21st century internet and communication technology (ICT) to build African expertise, facilitate sustainable networks, and promote life-long learning.

The Hope International network has as its overall objective to further collaboration within higher education towards an increase in knowledge and awareness of the major challenges facing the global community. The Hope International network will bring together higher-education institutions to collaborate on ways to contribute to the long-term achievement of global development goals.

The founding members of Hope International are SU, Dalarna University, Gothenburg University, Linnaeus University and Malmö University in Sweden.

At the event, Prof Marita Hilliges, Vice-Chancellor of Dalarna University, said that the deliberations between the universities confirmed how similar the universities' concerns are, although they have very different starting points.

"We all have major climate issues, problems with unemployment and we need to realise that we live in the same global village. What we want to do through Hope International is to use our knowledge to actively develop our societies. Our knowledge and our learning are increasing, now we want to make it increasingly significant."

# Gifted composers win scholarships



*Prof Hans Roosenschoon (left) with the two students, Lise Morrison and Roché van Tiddens, who were awarded the composition scholarships.* *Photo: ANTON JORDAAN*

Two scholarships of R25 000 each were recently awarded to two gifted undergraduate and postgraduate music students specialising in composition. The first Hans Roosenschoon Music Foundation Composition Scholarships were awarded to Roché van Tiddens and Lise Morrison.

Roché, who is an undergraduate student, passed his third year of BMus (Composition) with six distinctions, of which one was obtained for composition. Lise, who already holds a BCom degree from SU, completed her BMus in 2013 and now specialises in composition at postgraduate level.

"The works by both these young composers showed distinct innovative thinking," said Prof Hans Roosenschoon, the founder of the Foundation and a lecturer in the Music Department specialising in composition.

The aim of the scholarship is to encourage musical creativity among young people and to recognise promise and cultivate excellence in creative work at both undergraduate and postgraduate level.

"Composition is an area of specialisation that starts in the third year of study and can only be followed by some students who qualify for this direction. There is but a handful of students studying composition at our university, however, the establishment of this scholarship will hopefully encourage more students to choose the specialisation area and perhaps even attract students interested in composition to Stellenbosch." says Roosenschoon.

Both Roché and Lise are thrilled to have received the scholarships.

"It has been really exciting and is definitely very inspiring to have received this scholarship. It has given me a lot of confidence, and I look forward to what I can achieve in this year," says Roché.

For Lise, receiving the scholarship is acknowledgement of the fact that her work as a composer is being recognised.

"I applied for the scholarship as a final-year undergraduate student and had to compete with existing postgraduate students to obtain the scholarship.

"I was initially hesitant about whether I should apply, especially because I just did not have the same level of experience as the other applicants, but as with all things, there is always someone you have to compete with. It is, however, good to know that someone thinks that your work is good enough," she says. – LYNNE RIPPENAAR-MOSES





*Hierdie maand vertel Kampusnuus jou van 'n paar moet-doen-dinge. Met al die langnaweke in April, gee ons vir jou 'n lysie van hoogtepunte wat in en om Stellenbosch gebeur. Dan kan jy ook 'n uitvoering van Mozart se gewilde Requiem in die Endlersaal hoor, en gaan loer by Cape Town Fish Market in vir middagete.*

## Etenstyd

Stellenbosch se Cape Town Fish Market (CTFM) is ietwat anders as dié kettingroep se ander restaurante in die Kaapse Skiereiland. In Stellenbosch voel jy nie juis of jy maar bloot in een van 'n groep identiese restaurante sit nie.

Dit is sekerlik die ligging van Stellenbosch se CTFM wat dit anders maak. As jy op die stoep van die restaurant op die hoek van Plein- en Ryneveldstraat sit, asem jy 'n bietjie van Stellenbosch se atmosfeer in.

Omdat CTFM in 'n historie gebou so eie aan Stellenbosch is – eerder as in 'n winkelsentrum – voel jy soveel meer tuis as jy daar inloop. Die restaurant is egter veel groter as wat die fasade van die historiese gebou jou wil laat glo.

CTFM is natuurlik bekend om hul visgeregte, maar hul spyskaart bevat ook vleis- en Japanese geregte, asook eg Suid-Afrikaanse disse soos potjiekos.

Al probleem met Stellenbosch CTFM is dat hulle diens soms traag is en die kos neem nogal lank om te voorskyn te kom.



## Listen



Mozart se gewilde Requiem word op 11 en 12 April deur die Stellenbosse koor Canticum Novum in die US Konservatorium uitgevoer.

Dié uur lange dodemis is Mozart se laaste werk wat hy gekomponeer het, en is vandag een van die gewildste toonsettings van hierdie Katolieke mis.

Mozart het sy Requiem in 1791 in Wene gekomponeer, maar met sy dood op 5 Desember daardie jaar was dit steeds onvoltooid. In 1792 het 'n student van Mozart, Franz Xaver Süssmayr, die werk voltooi.

Die Requiem was 'n anonieme versoek, maar het gekom van die hertog Franz von Walsegg, wat die werk wou laat uitvoer om sy vrou se dood te herdenk. Die omstandighede rondom Mozart se laaste werk was al die onderwerp van talle musikologiese studies.

Canticum Novum, die Stellenbosse Studentekerkkoor, voer hoofsaaklik gewyde musiek uit en lewer elke jaar 'n aantal uitvoerings van groot werke deur bekende komponiste. Die koor is in 1959 gestig en staan vandag onder leiding van Louis van der Watt.

Die Universiteit Stellenbosch Simfonie-orkes (USSO) sal die koor in hierdie optrede begelei. Saam met die koor tree vier sangsoliste op: Jodie Khan (sopraan), Marcelle Steinmetz (alt), Willem Bester (tenoor) en Teaan van Zijl (bas). Die uitvoerings op Vrydag 11 en Saterdag 12 April is in die US Konservatorium se Endlersaal. Kaartjies is by Computicket of by die deur beskikbaar.

## To do

April has two long weekends, with a third one leading into May. This means you have loads of time for fun activities. We have selected a few things for you to enjoy:

- **Maties Dance Society** (MDS) will present the popular **Dancing in Style** competition for a third time in 2014.

The format of this event is based on the well-known TV show *Strictly Come Dancing* (or *Dancing with the Stars*) where a participant is trained by an instructor in Ballroom and Latin American dances for a few weeks and then competes against the other stars.

For Dancing in Style, the stars are staff and students of SU. Eight SU staff members and students take part in this year's competition.

MDS will host a gala event on Saturday, **12 April** where the stars will get the chance to show what they have learnt and compete for the title of winner of Dancing in Style 2014.

Tickets cost R80 per person and this includes snack foods and refreshments. Dress code is smart, as this is meant to be a night of fun and elegance. Email smitchell.mds@gmail.com for tickets.

- From **4 to 12 April**, the Hottentots-Holland Dramatic Society will present Peter Shaffer's play ***Amadeus*** in The Playhouse Theatre in Somerset West. Shaffer is an award-winning playwright, and in *Amadeus* he pits Wolfgang Amadeus Mozart's genius against Antonio Salieri's envy.

*Amadeus* was originally performed in 1980 and won a Tony award in 1981. In 1984, the film adaptation by Milos Forman won eight Oscars. Tickets (R90) are available from Computicket.

- Say "cheese" at the **South African Cheese Festival**, which will be held from **25 to 28 April** at the Sandringham Farm just outside of Stellenbosch. You can taste cheeses from all over, and a wine tent where tastings are presented (paired with cheese) can also be experienced. Other food stalls – from braai to sushi – are also available at the festival. Tickets are R130. Visit www.cheesefestival.co.za.



# Knyp toe daardie beursies

*Die lewenskoste in Suid-Afrika verhoog maand ná maand en dit verg al meer beplanning om jou geldsake te laat klop. Maar daar is hoop vir jou finansiële welwees – mits jy genoeg dissipline het. Deur ILSE ARENDSE*

Die stygende koste van brandstof, elektrisiteit, kruideniersware en onlangs ook verhoogde rentekoerse het almal deesdae benoud om die kraag oor hul geldsake. As jy te veel maand oor het aan die einde van die geld, is dit dalk tyd om 'n realistiese begroting op te stel om sodoende die regte finansiële besluite te neem.

*Kampusnuus* het gaan kers opsteek by prof Niel Krige van die Departement Ondernemingsbestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe om uit te vind of daar verligting in sig is en ook wat ons te doen staan om finansieël kop bo water te hou.


Krige sê die enigste goeie nuus tot op hede is die aanpassing in inkomstebelastingskale wat die minister van finansies, Pravin Gordhan, onlangs in die begroting aangekondig het, maar die slegte nuus is dat verbruikers hulle gerus gereed moet maak vir nog stygende kostes deur die loop van die jaar.

"Enersyds sal rentekoerse na verwagting vanjaar met 'n verdere 50-100 basispunte styg ná die styging van 50 basispunte in Januarie. Andersyds kan verdere prysstygings op ingevoerde goedere verwag word ná die wesenlike verswakking van die rand die afgelope 15 maande."

So wat nou gemaak? Volgens Krige moet jy deesdae nie meer vra "het ek dit nodig?" nie, maar eerder "kan ek daarsonder klaarkom?". Hy sê dis die enkele belangrikste les wat hy nog ooit in finansiële beplanning geleer het en al gaan dit ook hoe swaar bly dit maar wys om tog te probeer spaar.

### Wenke om finansieel gesond te leef:

- Dit is vir die meeste van ons makliker om uitgawes te besnoei as om inkomste te verhoog. Beperk dus uitgawes sover as moontlik.
- Dis nooit te vroeg om te begin spaar vir aftrede nie sodat saamgestelde rente vir jou kan begin werk.
- Probeer om skuld so vinnig as moontlik terug te betaal. Dis een van die beste beleggings wat jy kan maak.



Prof Niel Krige

Krige sê voorts jy moet nooit die positiewe effek van saamgestelde rente op jou spaargeld onderskat nie. "Einstein het saamgestelde rente as die agtste wonder van die wêreld beskou. Byt dus vas en gaan voort om te spaar!"

Sy raad aan werkers wat nou aftrede in die gesig staar, is om daardie aftrede so lank as moontlik te probeer uitstel. "Jy verdien 'n inkomste vir 'n langer periode en hoef boonop vir 'n korter periode ná aftrede te voorsien. Daarbenewens verdien jou aftreefondse addisionele beleggingsinkomste," sê hy.

En raad vir dié wat nou skoolgelde, huisverbande en motorpaaiemente moet betaal?

"Probeer om binne jou finansiële vermoëns te leef deur nie enige onnodige uitgawes aan te gaan nie. Moet veral nie in die slaggat trap om byvoorbeeld 'n nuwe motor te koop net omdat jou buurman sopas 'n nuwe een gekoop het nie. Jy kan dit waarskynlik nie bekostig nie en hy dalk ook nie!"







# 'n Liefde vir woorde

***Ná 15 jaar lê prof Dorothea van Zyl die tuig neer as direkteur van die US Woordfees – en sy is boonop met 'n groot prys vereer. SONIKA LAMPRECHT kyk saam met haar terug op 15 feeste vol woorde.***



Prof Dorothea van Zyl — Foto: STEFAN ELS

Prof Dorothea van Zyl is sinoniem met die US Woordfees. En met goeie rede. Dit was onder haar leiding dat dié fees in 2000 tot stand gekom en oor die afgelope 15 jaar gegroei het van 'n klein fees tot een van die drie grootste oorwegend Afrikaanse kultuurfeeste in Suid-Afrika. Maar vanjaar lê sy die tuig neer as Woordfeesdirekteur.

Sy het tydens vanjaar se Woordfees die eerste Suid-Afrikaanse akademikus geword om met die gesogte Visser-Neerlandia-prys vereer te word. Dit word jaarliks aan 'n akademikus toegeken wie se werk op die gebied van onder meer kultuur bydra tot 'n beter samelewing en ook kontakte tussen die Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse tale bevorder. Van Zyl het dié toekenning gekry vir haar bydrae tot die vestiging en uitbou van die Woordfees en Woorde Open Wêrelde (WOW) Projek, asook tot die uitbou van die bande tussen Nederland, Vlaandere en SA.

"Die eerste Woordfees is een van die hoogtepunte in my lewe," vertel Van Zyl. "Dit was 'n magiese Nag van Passie, met veel meer mense (1 000) as wat ons verwag het. Alles het vlot verloop – 'n ware wittebroodsfees – met die 60 skrywers wat deurnag voorgelees het."

Die fees het ontstaan ná 'n versoek in 1999 deur die destydse rektor, prof Andreas van Wyk, en die dekaan, prof Izak van der Merwe, om meer blootstelling vir die Departement Afrikaans en Nederlands te skep. "Maar die idee vir 'n literêre fees het reeds in 1994 in Utrecht, Nederland, ontstaan, ná 'n voorstel van die destydse sekretaris van die Nederlandse Taalunie, Greetje van den Bergh, dat ons 'n fees moet reël vir Afrikaanse en Nederlandse skrywers," verduidelik Van Zyl. Die res, soos hulle sê, is geskiedenis.

In 2003 het die WOW Projek gevolg. Die projek, wat verlede jaar altesaam 180 000 mense in sewe provinsies bereik het, is gebore nadat Van Zyl tydens 'n Kinder- en jeugsimposium gehoor het hoe kinders van die Kaapse Vlakte vertel dat hulle nie lees nie, "want daar is nie boeke nie".

"Daardie woorde het by my gespook. Hoe leeg is 'n kind se lewe nie sonder boeke nie."

Kort daarna het sy haar planne vir 'n leesprojek aan prof Hennie Kotze, toe Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, voorgelê. Hy het dit ondersteun.

"Maar eers moes ons 'n mooi naam hê," vertel Van Zyl. "Woorde Open Wêrelde het vir my presies gesê wat die projek sou doen. Dit het boonop goed vertaal in Words Open Worlds en selfs in Nederlands, Woorden Openen Werelden. Dit het egter twee weke geduur voordat ek agtergekom het Woorde Open Wêrelde spel WOW!"

Karin Newman, die eerste aanstelling in Oktober 2003, het begin met die WOW Skrywersbesoeke, asook die WOW-dag tydens die Woordfees – albei projekte wat steeds 'n kardinale rol speel in die WOW Projek.

'n Jaar later het Fiona van Kerwel, WOW-projek-bestuurder, begin werk. Sedertdien het sy en haar span die projek uitgebou, en die aantal projek-aksies vermeerder tot diep in die twintig. "Ek het die WOW Projek begin, maar Fiona het dit vervolmaak," sê Van Zyl.

Oor haar planne vir die toekoms is sy nog nie heeltemal seker nie. "Eerstens moet my boek oor die Woordfees en WOW klaarkom; dan gaan ek en my man, Wium, lekker in Europa reis met die Visser-Neerlandia-prysgeld.

"Daarna sal ek 'n besluit neem oor die toekoms. Daar is allerlei interessante moontlikhede. Ek sal graag agter die skerms betrokke wil bly by die Woordfees en WOW vir solank as wat hulle my nodig het."

En wat gaan sy die meeste mis van die Woordfees? "Ek dink die meelewendheid en entoesiasme van die duisende lojale Woordfeesgangers is wat ek die meeste sal mis. Dit maak elke Woordfees 'n belewenis vir my. Ek is elke jaar so hartseer as die fees verby is! En natuurlik my uitstekende Woordfees- en WOW-span, wat na aan my hart is."



*Prof Frans Swanepoel of the African Doctoral Academy (ADA) recently hosted a Consensus Panel on Africa Post-2015 – The Role of Sciences in the Development Agenda. The panel was appointed by the African Science Academies to pronounce the role of African Science Academies in assisting African countries to take charge of their own development. Secondly, the panel's goal is to ensure integration of economic, social and environmental aspects of sustainable development as outlined by the African Union's Development Agenda-2063. Panellists who participated in the meeting were (fltr) Dr Cristian Acemah (National Science Academies, USA), Ms Bongiwe Njobe (former DG of the National Department of Agriculture, and former Group Executive for Sustainability, Tiger Foods Ltd), Prof Eugene Cloete (Vice-Rector: Research and Innovation, who hosted an official dinner), Prof Mandi Rukuki (former Dean of Agriculture, University of Zimbabwe, and Advisor to the AU), Prof Hany El-Shemy (Vice-President of the Egyptian Academy of Science and Technology), Ms Anne Nsubuga and Dr David Mutekanga (both from the Ugandan National Academy of Sciences).*



*Prof Erick Strauss (middel) van die Departement Biochemie in die Fakulteit Natuurwetenskappe het op Woensdag 5 Maart sy intreerede, getiteld* More than a vitamin: Walks along an essential pathway, *gelewer. Hier is Strauss saam met Prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie), en prof Louise Warnich, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe.* *Foto: JUSTIN ALBERTS*



*Proff Léanne Dreyer (tweede van links) van die Departement Plant- en Dierkunde en Anna-Mart Engelbrecht (tweede van regs) van die Departement Fisiologiese Wetenskappe in die US se Fakulteit Natuurwetenskappe het albei hul intreeredes op Dinsdag 18 Maart gelewer. Die titel van Dreyer se aanbieding was* A Journey through the biological complexity of the Cape Floristic Region, South Africa, *terwyl Engelbrecht oor* The secret of dying well: The many faces of cell death and its relevance for treating diseases of our time *gepraat het. Hier is Dreyer en Engelbrecht saam met prof Louise Warnich, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, en prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie).* *Foto: JUSTIN ALBERTS*

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★
Sincerely Yours
PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007



GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

Groot Ou Dubbeldeur Oregon TV/Beddegoed kas met laai onder: R2 000. Ou Geelhout kis: R2 000. "Antique French" geverfde kas: R500. Skakel 082 979 4667.

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**Furnished Apartments:** Fully furnished and equipped 2-bedroom apartments in the center of town (Neethlingstreet). Walking distance to town, university, Coetzenburg Sports Field, shops, restaurants, etc. Please have a look at our webpage: www.stellenboschapartment.co.za. Tel: 082 689 8100

### SAAMRY / LIFTS

**Stellenberg/Vredekloof – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een persoon met motor om aan te sluit. Werksure 08:00 to 16:30.
Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

**Near Karl Bremer Hospital – Stellenbosch:** Existing lift club looking for a person with a car to join. Working hours 08:00 to16:30.
Contact nmalherbe@sun.ac.za.

**Gordonsbaai – Stellenbosch:** Maandag tot Vrydag; kantoorure 08:00-16:30. Kontak 021 808 9522 of mirandak@sun.ac.za.

Clearing your eggs from the tax basket

t +27 21 887 3360 • info@carinusstrydom.com • www.carinusstrydom.com

**Why pay unnecessary estate duty and executor fees if you don't have to?**

Careful estate planning is vital if the value of your estate is R 3.5 million or more; with the escalating value of property and other assets, your estate could very easily reach this taxable level.

So why not contact **carinus strydom** and ensure that you don't have your investment eggs in the tax basket?

Financial structuring through the creation of a trust could reduce the value of your estate and provide welcome tax relief.

www.carinusstrydom.com

carinus strydom
AN APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO 6516